higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

FINANSIËLE REKENINGKUNDE N6

10 September 2020

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1	1.1.1	C		
	1.1.2	A		
	1.1.3	C		
	1.1.4	B		
	1.1.5	B		
	1.1.6	B		
	1.1.7	A		
	1.1.8	A		
	1.1.9	B		
	1.1.10	A		
			(10 × 2)	(20)
1.2	1.2.1	Staat van omvattende inkomste		
	1.2.2	Direkteur/Direksie		
	1.2.3	Eksterne ouditeur/Onafhanklike ouditeur		
	1.2.4	Aandeelhouer		
	1.2.5	BTW-ondernemer		
			(5 × 2)	(10)
				[30]

VRAAG 2

2.1 2.1.1 Gemagtigde aandelekapitaal – verwys na die maksimum aantal aandele wat 'n maatskappy geregistreer is om te verkoop/uit te reik.✓✓
Uitgereikte aandelekapitaal – verwys na die werklike aantal aandele wat verkoop/uitgereik is en verteenwoordig die aandelekapitaal van die maatskappy.✓✓

2.1.2 Uitkeerbare reserwes – verwys na reserwes wat deur dividende versprei kan word.✓✓
Nieuitkeerbare reserwes – verwys na reserwes wat nie deur dividende versprei kan word nie, maar kan gebruik word om krediteure te betaal.✓✓

2.1.3 Voorkeuraandele – is aandele wat die houer eerste reg gee op die wins van die maatskappy of voorkeur gee om daarvan te eis.✓✓
Gewone aandele – houers van hierdie aandele is die eienaars van die maatskappy met stemreg tydens die algemene jaarlikse vergaderings en word beskou as die werklike eienaars van die maatskappy.✓✓

2.1.4 Bedryfsbates – is bates wat in die vorm van kontant is of kan omgeskakel word in kontant binne een finansiële jaar.✓✓
Niebedryfsbates – is bates wat gekoop word om inkomste vir die besigheid te genereer vir meer as een finansiële jaar en het 'n lang lewensduur.✓✓

2.1.5 Netto wins – verwys na die wins wat in die huidige finansiële jaar verdien is as 'n positiewe oorskot wanneer die uitgawes van die inkomste afgetrek word.✓✓
Teruggehoue verdienste – verteenwoordig die opgelope winste van die vorige finansiële jaar plus die huidige finansiële jaar.✓✓

(5 × 4) (20)

2.2 Die finansiële state moet wees:

- Vergelykbaar ✓ – vergelykbaar met dié van vorige jare van dieselfde entiteit en dié van 'n soortgelyke besigheid.✓
- Verstaanbaar✓ – moet verstaanbaar wees vir 'n gemiddelde gebruiker wat 'n redelike kennis van besigheid het of oor basiese finansiële kennis beskik.✓
- Tydloos✓ – moet huidig wees vir besluitneming of moet opgestel word sodra die finansiële jaar eindig, sodat dit nuttig is wanneer besluite geneem moet word of wanneer vir die toekoms beplan word.✓
- Verifieerbaar ✓ – moet moontlik wees om dit dubbel te kontroleer gewoonlik deur 'n eksterne ouditeur, om te verseker dat alle inligting korrek en relevant is.✓

OF

– Moet gebruikers in staat stel om te bevestig dat die inligting inderdaad die gebeure of transaksies getrou weergee soos waarop dit aanspraak maak. (4 × 2) (8)

2.3

- Uitset-BTW ✓ – BTW wat deur 'n besigheid van sy kliënte gehef word wanneer belasbare voorraad verkoop word.✓
- Inset-BTW ✓ – BTW wat van die besigheid gehef word wanneer belasbare voorraad aangekoop word.✓

OF

BTW wat die besigheid aan verskaffers betaal wanneer belasbare voorraad aangekoop word. (2 × 2) (4)

2.4 **Waar sekere items berekeninge benodig, moet dit tussen hakies aangedui wees.**

2.4.1 **NIEBEDRYFSBATES**

Grond en gebou en Voertuig (120 000 + 20 000 – 4 000 – 2 000)	134 000	✓✓ ✓✓
Welwillendheid	30 000	✓
	164 000	✓

(6)

2.4.2 **BEDRYFSBATES**

Voorrade	23 000	✓
Debiteurekontrole (10 000 – 3 200 + 1 930)	8 730	✓✓ ✓
Kontant en kontantwaarde	30 000	✓
	6170	✓

(6)

2.4.3 **RESERWES**

Herwaardasiesurplus	20 000	✓
Teruggehoue verdienste		✓✓
[47 000 + (22 500 – 13 000) – 2 000]	54 500	✓✓
	74 500	✓

(6)

2.4.4 **BEDRYFSLASTE**

Krediteurekontrole	17 200	✓
Lopende gedeelte van langtermynlening	5 000	✓
Belasting betaalbaar (13 000 – 6 000)	7 000	✓✓
	29 200	✓

(5)

2.5

	BTW GEHEF		**BTW VRYGESTEL**
	0%	**15%**	
Rente op lening			**X** ✓✓
Skoolfooie			**X** ✓✓
Bruinbrood	**X** ✓✓		
Skryfbehoeftes		**X** ✓✓	
Bankkostes		**X** ✓✓	
Witbrood		**X** ✓✓	
Petrol	**X** ✓✓		
Passasiers padvervoer			**X** ✓✓
Koerierdienste		**X** ✓✓	
Belastingheffing			**X** ✓✓

(10 × 2) (20)

[75]

VRAAG 3

3.1 **LIMPOPO TRADERS CC**
STAAT VAN WINS/VERLIES EN OMVATTENDE INKOMSTE VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2018

Verkope (577 780 – 6 120)			571 660	✓✓
Minus: Koste van verkope			(202 750)	✓
Bruto wins			368 910	✓
Plus: Ander inkomste			101 075	✓
Korting ontvang	1 075	✓		
Inkomste uit kommissie	100 000	✓		
Bruto bedryfsinkomste			469 985	☑
Minus: Uitgawes			(275 428)	☑
Slegte skulde (1 675 + 720)	2 395	✓✓		
Korting toegestaan	4 270	✓		
Skryfbehoeftes	1 388	✓		
Telefoon	4 450	✓		
Water en elektrisiteit (22 957 + 2 087)	25 044	✓✓		
Salarisse (152 043 + 30 409)	182 452	✓✓		
Rente op lening (12 000 + 7 000)	19 000	✓✓		
Voorsiening vir slegte skuld aansuiwering	1 910	✓✓		
Waardeverminering (22 600 + 6 419)	29 019	✓✓		
Herstelwerk	5 500	✓		
Wins voor belasting			194 557	
Inkomstebelasting			(54 476)	☑
Wins vir die periode			140 081	
Ander omvattende inkomste			10 000	
Herwaardasiesurplus	10 000	✓		
Totale omvattende inkomste vir die jaar			150 081	☑

(28)

3.2 **STAAT VAN VERANDERINGS IN EKWITEIT VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2018**

	LID SE BYDRAES		TERUGGEHOUE VERDIENSTE		TOTALE EKWITEIT
Saldo aan die begin van die jaar	45 000	✓	10 000	✓	55 000
Netto wins vir die jaar			160 000	✓	160 000
Onttrekking van bydrae	(5 000)	✓			(5 000)
Uitkering aan lid			(4 000)	✓	(4 000)
Saldo teen die einde van die jaar	40 000	✓	166 000	✓	206 000

(7)
[35]

VRAAG 4

4.1 **MALAPANE BPK.**
KONTANTVLOEISTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2019

KONTANTVLOEI UIT BEDRYFSAKTIWITEITE			
Kontant gegenereer uit werksaamhede	2 162 250	✓	
Rente betaal	(76 500)	✓✓	
Dividende betaal	(648 750)	✓	
Belasting betaal	(892 800)	✓	
Netto kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite			544 200
KONTANTVLOEI UIT BELEGGINGSAKTIWITEITE			
Opbrengs uit die verkoop van 'n voertuig	27 000	✓✓	
Verhoging in vaste deposito	(105 000)	✓	
Vervangingsvoertuig	(267 000)	✓✓	
Byvoegings by grond en geboue	(26 700)	✓	
Netto kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite			(371 700)
KONTANTVLOEI UIT FINANSIERINGSAKTIWITEITE			
Opbrengs uit die uitreik van addisionele aandele	420 000	✓	
Betaling van verbandlening	(60 000)	✓✓	
Netto kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite			360 000
Netto vermeerdering in kontant			532 500
Kontant aan die begin van die jaar			(157 500) ✓
Kontant aan die einde van die jaar			375 000 ✓

(16)

4.2 **REKONSILIASIESTAAT VAN DIE NETTO WINS VOOR BELASTING NA KONTANT GEGENEREER UIT WERKSAAMHEDE**

Netto wins voor belasting (870 000 + 780 000)			1 650 000 ✓✓
Aangesuiwer vir:			
Waardevermindering			120 000 ✓
Rente-uitgawe			76 500 ✓
Bedryfswins voor bedryfskapitaal			
Bedryfskapitaalveranderings			315 750 ✓
Afname in voorraad	142 500	✓	
Toename in handels- en ander betaalbare rekeninge	225 750	✓	
Toename in handels- en ander ontvangbare rekeninge	(52 500)	✓	
Kontant gegenereer			2 162 250

(8)

4.3 **BELASTING EN DIVIDENDE BETAAL**

	BELASTING	DIVIDENDE
Bedrae betaalbaar aan die begin van die jaar	(135 600) ✓	(288 750) ✓
Bedrae volgens die staat van wins of verlies	(780 000) ✓	(630 000) ✓
Bedrae betaalbaar aan die einde van die jaar	22 800 ✓	270 000 ✓
	(892 800)	(648 750)

(6)
[30]

VRAAG 5

5.1 Drie tipes verslae

- Ongekwalifiseerde verslag – 'n Verslag word uitgereik wanneer die ouditeur tevrede is aangesien die finansiële state 'n redelike weergawe is van die werklike finansiële inligting van die besigheid en hulle voldoen aan die relevante standaarde.
- Gekwalifiseerde verslag – 'n Ongunstige verslag word uitgereik wanneer die ouditeur nie tevrede is nie aangesien daar nienakoming van sekere kriteria is.
  Verslag teruggehou – Die ouditeur reik nie 'n verslag uit nie omdat hy nie sy werk kon doen nie, as gevolg van onvoldoende dokumentasie of omdat toegang tot sekere inligting geweier is. (3 × 2) (6)

5.2

INTERNE OUDIT	EKSTERNE OUDIT
Ouditering word deurlopend gedoen.	Ouditering word periodiek gedoen.
Uitgevoer deur werknemer van die besigheid.	Uitgevoer deur onafhanklike kontrakteur.
Doel is om aan bestuur se verwagtings te voldoen.	Doel is om aan derde partye se verwagtings te voldoen.
Die ouditeur is direk betrokke by die opspoor en voorkoming van bedrog.	Die ouditeur spoor op en voorkom bedrog wat 'n daadwerklike uitwerking op die finansiële state het.
Die ouditeur ontwikkel interne kontrole.	Die ouditeur toets die betroubaarheid van die interne kontrole.
Die ouditeur handel onafhanklik van die hoofrekenmeester maar is die ondergeskikte.	Die ouditeur moet onafhanklik van die bestuur wees in daad en gesindheid.
Prosedures is nie beperk tot finansiële sake nie.	Prosedures is beperk tot finansiële sake.

(Any 3 × 2) (6)

5.3 Die interne ouditproses

- Beplan die oudit en bepaal wat ondersoek moet word.
- Ondersoek en evalueer die inligting wat bymekaar gemaak is met betrekking tot die sake wat met die ouditdoelwitte verband hou.
- Kommunikeer die resultate van die oudit deur middel van ‘n verslag.
- Volg die bevindings van die ouditverslag op om te bepaal of die nodige stappe gedoen is. (4 × 2) (8)

5.4 5.4.1 Nakomingsprosedure

Toetse moet ontwerp wees om redelike versekering te verkry dat die interne kontrole waarop die betroubaarheid van die oudit steun, is in werking.

OF

Toetse wat gebruik word moet nagaan dat interne kontrolestelsels effektief funksioneer. (2)

5.4.2 Substantiewe prosedure

Toetse moet ontwerp wees om bewyse te verkry wat verseker dat data wat deur die rekeningkundestelsel geskep is, volledig, akkuraat en regsgeldig is.

OF

Toetse wat deur die ouditeur gebruik word, moet nagaan of die saldo’s, totale en individuele transaksies korrek weergegee is. (2)

5.4.3 Interne kontrole

- Die kontrolestelsels,
- finansieel of andersins, wat deur die bestuur verskaf is
- behoort die besigheid op ‘n ordelike wyse te bestuur
- en die bates van die besigheid beveilig.

(Aanvaar alternatiewe, toepaslike antwoord) (4)

5.4.4 Ouditbewyse

Dit behoort uit brondokumente en rekeningkundige rekords te bestaan wat onderliggend is aan die finansiële inligting sowel as alle ander inligting wat toepaslik is vir de ouditeur se ondersoek. (2)

[30]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou